RAADSBELEID

ONDERWERP : VRYSTELLING VAN PARKERING VIR GESTREMDE PERSONE

VERWYSING : 17.3.6.1.R

BESLUIT NR : 13.23/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om parkeervrystelling te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om ‘n parkeervriendelike omgewing vir gestremdes daar te stel.

RIGLYNE
1. Voorsienig word vir gestremde persone, soos bedoel in Artikel 80 van die Nasionale Padverkeerswet (Wet 93 van 1996), gemaak.

2. ‘n Geldige parkeervrystellingsteken van die Munisipale Verkeersafdeling moet in die motorvoertuig vertoon word.

PROSEDURE
1. ‘n Parkeervrystellingskenteken jaarliks hernubaar, is teen die tarief soos deur die Raad vasgestel, beskikbaar.

2. Die persone vermeld in paragraaf 1, is slegs op een parkeervrystellingsteken geregtig.

3. Die volgende bepalings is slegs op gestremde persone van toepassing:

   3.1 Die kenteken is slegs op die betrokke gestremde persoon van toepassing.

   3.2 Die verlies of diefstal van kentekens moet onmiddellik aan die plaaslike Vereniging vir Gestremdes en die Munisipale Verkeersafdeling rapporteer word.

   3.3 Die kenteken word jaarliks vóór die vervaldatum hernu.

   3.4 Nuwe kentekens sal slegs by terugbesorging van die verstreke kenteken uitgereik word.

   3.5 Daar mag binne 5 meter van ‘n boulyn vir ‘n periode van 60 minute parkeer word, indien geen ander parkering beskikbaar is nie.

   3.6 Daar word betaal vir parkering binne afgemete parkeerareas.

   3.7 Daar mag in tydbeperkte areas vir langer as die voorgeskrewe tydperk parkeer word, met dien verstande dat sodanige parkering nie in die onmiddellike omgewing van die gestremde persoon se werksplek of woning is nie.

   3.8 Parkeergelde is vir die eerste uur betaalbaar.

   3.9 Daar mag onder geen omstandighede teenstrydig met die bepalings van Regulasie 304 en 305 van die Nasionale Padverkeerswet (Wet 93 van 1996) parkeer word nie.

3.10 Aansoeke van gestremde persone moet ‘n mediese verslag van ‘n geregistreerde geneesheer asook ‘n goedkeuringsbrief van die plaaslike Tak van die Raad vir Gestremdes insluit.

3.11 Aansoeke moet van twee onlangse I.D.-grootte foto’s vergesel word.

ROLLE
Die Afdeling Verkeersdienste.

VERWANTE BELEID
1. Vrystelling van bepalings betreffende parkering.
2. Nasionale Padverkeerswet (Wet 93 van 1996).
3. Verordeninge Insake Parkeermeter en Parkeerplekke.
4. Tariefbundel.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.